Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

30 Maart 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 10 (2017)

1. FURYBOEKIES

U kind het reeds die Furyboekie ontvang. Die teiken is dat elke leerder **TWEE** boekies moet verkoop en ons het, soos verlede jaar, ‘n aantal aansporingsmaatreëls in plek gestel waarvan u ook kennis moet neem.

- Vir elke vol boekie wat verkoop word, kry ‘n leerder + 50 positiewe punte of 50 lojaliteitsure. Die maksimum hoeveelheid positiewe punte of lojaliteitsure wat toegeken kan word, is 200.
- Graad 8- en 9-voogklasse wat gemiddeld 2 boekies per leerder verkoop, kry ‘n dag af.
- Graad 8- en 9-voogklasse wat ‘n gemiddeld van 3 boekies verkoop, kry ‘n tweede dag af.
- By graad 10-, 11- en 12-leerders sal die hele graad ‘n dag afkry indien ‘n gemiddeld van 2 boekies per leerder per graad verkoop is.
- Die klas (Graad 8 – 12) wat die meeste boekies verkoop het, sal vir ‘n dag na Sun City toe gaan.
- U ondersteuning met hierdie projek sal baie waardeer word. U ondersteun nie net die skool nie, maar ook u kind.

2. VAKVERANDERINGS IN GRAAD 10 EN 11

‘n Leerder mag ‘n maksimum van twee vakke in Graad 10 verander. Dit moet egter teen die einde van die tweede kwartaal afgehandel wees, nadat toestemming van die Skoolhoof verkry is. Hierdie verandering moet teen 30 Junie van die Graad 10-jaar afgehandel wees.

‘n Leerder mag twee vakke in Graad 11 verander. Dit moet egter teen 31 Maart afgehandel wees, nadat toestemming van die Skoolhoof verkry is.

In uitsonderlike gevalle mag ‘n Graad 11-leerder ‘n addisionele vak verander. Dit moet egter voor 15 Desember van die Graad 11-jaar afgehandel wees.

Daar kan dus geen vakveranderings in die Graad 12-jaar plaasvind nie.

3. TAALVERSKUIWING

Indien ‘n ouer besluit dat ‘n leerder se taal van onderrig en leer van Afrikaans na Engels moet verander, of andersom, moet die leerder ten minste ‘n A (80%) vir die Eerste Addisionele Taal waarheen hy/sy wil skuif, behaal. Die leerder moet ook ‘n toets in die nuwe taal van onderrig en leer aflê om vas te stel of die leerder sal kan bybly.

4. INSPEKSIE

Neem asseblief kennis dat daar weer inspeksie sal plaasvind sodra die skool vir die nuwe kwartaal open.

5. SPORTTOERE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Ons rugbyseuns gaan aan die Noord-Suid Derby by HTS Drostdy deelneem. Die hokkieseuns en meisies en die Netbal toer almal na Potchefstroom toe.

6. MEERDOELIGE FASILITEIT

Die Beheerliggaam loods ‘n spesiale kapitale projek ten opsigte van ‘n meerdoelige fasiliteit. Hierdie fasiliteit kan gebruik word as ‘n klubhuis, eksamenlokaal, vir kultuutaktiwiteite of as ‘n addisionele plek vir kleiner funksies. Dit sal geleë wees tussen die hokkie- en rugbyvelde en die netbalbane.

Ons nooi u uit om ‘n inligtingsessie op 24 April 2017 om 19:00 in die skoolsaal by te woon.

7. EERLIKE LEERDERS

Keegan Jansen van Vuuren, Chandré Odendaal, Revanya Sivalingum en Shanessa Venter het onderskeidelik ‘n selfoon, baadjie, geld en ‘n beursie ingehandig. Baie dankie!

Ons wil u graag ‘n aangename vakansie en ‘n geseënde Paasfees toewens.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING